Nuusbrief 188

7 Februarie 2014

Geagte lede,

KENNISGEWING VAN STREEKVERGADERINGS

Lede word versoek om die streekvergaderings soos uiteengesit in die ondergaande tabel by te woon. Die agendas vir die vergaderings sal binnekort gesirkuleer word.

KZN	3 Maart 2014	Ascot Konferensiesentrum Woodhouse Weg 217, Pietermaritzburg
Mpumalanga	5 Maart 2014	Badplaas Forever Oord Hotel & Konferensiesentrum
Gauteng	11 Maart 2014	Shumba Valley Lodge Palindaba Weg - Lanseria
Limpopo	13 Maart 2014	Lalapanzi Konferensie Sentrum N1 verby Polokwane rigting Louis Trichardt
Suid/Oos-Kaap	18 Maart 2014	Pine Lodge HV Saasveld en Knysna Weg, George
Wes-Kaap	19 Maart 2014	Houtkunde Departement Universiteit van Stellenbosch

ALLE STREEKVERGADERINGS BEGIN OM 10H00

Verwittig vir Sue by 011 974 1061 of by sawpa@global.co.za of u gaan bywoon of nie, sodat ons die nodige sitplek- asook spysenieringsreëlings kan tref.

SAWPA LIDMAATSKAP SERTIFIKAAT

Alle huidige Klas 1-lede (verduursamingsaanlegte) se lidmaatskapsertifikate is onlangs heruitgereik met ‘n 2014 geldigheidtydperk. Elektroniese kopieë is per e-pos aan elkeen gestuur sodat die sertifikate nie in die pos verlore raak nie. U word versoek om ‘n afskrif uit te druk en u ou ongeldige en ongedateerde sertifikaat te vervang. Kontak ons gerus indien u verkies dat ons eerder ‘n afskrif aan u moet pos. Die sertifikate sal outomaties jaarliks hernu word vir alle bydraende klas 1-lede. Klas II lede se sertifikate sal, sodra hul lidmaatskap in of na April 2014 hernu is, aan hulle uitgereik word.

BEHANDELDE HOUT VOLUMES VIR 2013 JAARLIKSE STATISTIEKE

SAWPA het onlangs ‘n e-pos versoek aan alle behandelaars gestuur rakende die versameling/indiening van hul 2013 behandelde hout volumes aan hulle sertifiseringsliggaamverteenwoordiger. Hierdie is ‘n vriendelike herinnering vir u samewerking aangesien ons mik om die 2013 statistieke teen einde Maart 2014

afgehandel en beskikbaar wil stel. Indien u twyfel of enige bekommernisse het, is u welkom SAWPA te kontak.

NUWE MINIMUM LONE VIR BOSBOU SEKTOR EFFEKTIEF 1 APRIL 2014

In terme van die nuutste Sektorale Vasstelling vir die Bosboubedryf, effektief 1 April 2014, sal die bosbou minimum loon 100% van die landbou minimum loon wees (tans is dit 98% van die landbou loon). Aangesien die nuwe landbou loon reeds in die staatskoerant gepubliseer was, sal die volgende geld:

Nuwe Bosbou Minimum Lone vanaf 1 April 2014

Periode	Huidig 1 April 2013 - 31 Maart 2014	Nuutste 1 April 2014 - 31 Maart 2015	Styging Rande
Per Maand	R 2 229.32	R 2 420.41	R 191.09
Per Week	R 514.50	R 558.60	R 44.10
Per Dag	R 102.90*	R 111.72*	R 8.82
Per Uur	R 11.43	R 12.41	R 0.98

*vir 9 uur dag

Alhoewel die landbou minimum loon met 6.4% verhoog het, maar die bosbou minimum loon in lyn moes kom daarmee, (i.e. moes aanpas vanaf 'n laer basis punt) is die stygings in die tabel hierbo in werklikheid **8.6%**.

Lede moet ook daarop attent wees dat u, indien nodig, aansoek kan doen by die Department van Arbeid vir **tydelike kwytskelding** van die nuwe tariewe. U sal aan die Departement moet bewys dat u nie die nuwe tariewe kan bekostig nie. In die geval moet lede hulle plaaslike Departement van Arbeidkantoor skakel ten einde die nodige aansoeke in te dien.

GEWYSIGDE SANS 457-3 en SANS 1288 GEPUBLISEER EN BESKIKBAAR

Ons het kennisgewing van die SABS Standaarde-Afdeling ontvang dat SANS 457-3:2014 Ed7.01 (hardehout pale) en SANS 1288:2104 Ed3.04 goedgekeur en beskikbaar is. Die SABS web winkel ondervind egter tans probleme met die oplaai van die nuwe weergawes. Lede word aangeraai om die SABS standaarde verkope te kontak by 012 428 6883/6 of sales@sabs.co.za of webstore@sabs.co.za indien u enige probleme ondervind om die korrekte voorafgenoemde weergawes elektronies te bekom. Die wysigings handel oor die herinstelling van die maksimum voggehalte van 300 g/kg vir ronde (paal) produkte in beide SANS 457-3 en SANS 1288 sowel as veranderinge aan die merkingsvereistes t.o.v. behandelde gesaagde hout kommoditeit in SANS 1288.

BMI – BRSCU STRATEGIESE FORUM

SAWPA het in vennootskap met mede-Wood Foundation Assosiasielede, SSA, ITC-SA en die ITFB aangesluit by die Strategiese Forum van die BMI Building Research Strategy Consulting Unit. Diegene wat verlede jaar se SAWPA AJV bygewoon het sal die interessante aanbieding deur Dr Llewellyn Lewis van BMI-BRSCU as ons gasspreker onthou. Die ooreenkoms gee aan die vier Assosiasies se sekretariate toegang tot alle webtuiste inligting vir strategiese gebruik deur die Assosiasies. Alhoewel daar 'n konfidensialiteitooreenkoms is t.o.v. die gebruik van beskikbare inligting, in die lede alleenlik gedeelte, kan alle inligting wat aan BMI-lede

(SAWPA) gestuur word via e-pos ("Sense-making updates", "Industry Dashboards" sowel as 'n seleksie van ander strategiese inligting), vrylik gedeel word met lede van die intekenaar- Assosiasie (SAWPA se eie lede). Die nuutste beskikbare inligting (Nov 2013) is ontvang. Dit sluit in: "Sense-making Update" en opsommende verslag, "The Industry Dashboard", sowel as "Lumber & Cement Sales YTD", wat ook 'n goeie perspektief plaas op die stand en aanduidings in die bou- en konstruksie bedrywe. Ons het 'n nuwe skakel op ons webtuiste geplaas onder "STATSTICS AND INDUSTRY REPORTS" waar lede die inligting onder oë kan neem. Lede kan ons ook kontak indien u eerder wil hê dat ons die inligting per e-pos aan julle moet stuur. 'n bykomende voordeel vir intekenaars (SAWPA-lede) is die bywoning van die Strategiese Forum Byeenkomste wat by die FNB Konferensie Sentrum in Sandton gehou word. Die datums vir 2014 is Vrydag 28 Maart, 25 Julie en 28 November. Lede wat sou belangstel om die sessies by te woon moet ons ten minste een tot twee weke voor die datum in kennis stel sodat ons die nodige toegangsreëlings kan tref.

BSEB WYSIGINGSWET ONDERTEKEN

Die Breebasis Swart Ekonomiese Bemagtiging Wysigingswet (Wet 46 van 2013) is op die 27ste Januarie 2014 deur die President onderteken. SAWPA het 'n elektroniese kopie van die Wysigingswet van Forest Sector Charter Council Sekretariaat ontvang. Lede wat 'n afskrif van die Wysigings Wet wil bekom, kan gerus die SAWPA kantoor skakel.

BROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Desember 2013 en Januarie 2014 was onderskeidelik 30954 & 46507.
- Twee artikels uit die Australiese Timber and Forestry E-News: Uitgawe 301 gedateer Januarie 2014, is vir interessantheid aangeheg.
- Maak asseblief gebruik van die veiligheid etikette wat gratis deur SAWPA aan lede beskikbaar gestel word, en verseker dat ten minste 10 % van behandelde produk daarmee gemerk is voor vragte u perseel verlaat. Sommige van ons lede maak goed gebruik van die voordeel terwyl ander egter nie voldoende daarvan gebruik maak nie.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 of 011 392 1995 Webtuiste: www.sawpa.org.za epos: sawpa@global.co.za